Sport vloei dik deur vrouedirekteur se are

'n Vrouehand swaai nou die septer by Matiesport. Me Jackie Wiese, tot onlangs toe adjunkdirekteur, is sedert Oktober aangestel as die nuwe direkteur van die US Sportburo.

Die leisels is nou in jou hande, Jackie! By Dok Danie Craven se standbeeld is die nuwe Direkteur van die US Sportburo, me Jackie Wiese en haar voorganger, mnr Belius Potgieter.
Foto: Anton Jordaan, SSFD

Jackie erken self dat dit groot skoene is wat sy moet volstaan, maar wat dit makliker maak, sê sy, is dat sy saam met al die vorige direkteure gewerk het. Dit sluit in dr Danie Craven en mnre Butch Lochner en Belius Potgieter. Én dat 'n passie vir sport deur haar are vloei.

Sy is egter nie die rusbank-entoesias nie. "Ek is 'n doener, nie iemand wat sonder meer nee vir 'n antwoord aanvaar nie," skerts Jackie.

Toe sy as koördineerder van die hokkie- en swemklub gewerk het, het die hokkieklub 'n skrale R700 in hul bankrekening gehad. Vandag is dié klub reeds besig met die bou van 'n tweede kunsgrasbaan. Die nuwe waterbasis kunsgrashokkiebaan, waaraan bouwerk in September begin het, is die resultaat van haar jarelange droom vir 'n hokkiebaan van internasionale gehalte by die Universiteit. (Sien artikel in *Alumnus*).

Sy skrik nie maklik vir struikelblokke in haar pad nie. En nog minder is sy bang om groot te droom. Haar belangrikste mikpunt, sê sy, is egter om die Universiteit as voorste oefenbestemming vir internasionale sportsoorte te vestig en Coetzenburg die voorste sportbestemming in die land te maak.

Sy het reeds 'n lang verbintenis met Matie-sport. Nadat sy in 1971 met 'n BA in Liggaamlike Opvoeding aan die Vrystaatse Universiteit gegradueer het, het sy skoolgehou in Wynberg en ook haar SOD en honneursgraad in Menslike Bewegingskunde op Stellenbosch verwerf. Sy het toe al deeltyds by die Sportburo begin werk. In 1981 is sy voltyds aangestel as koördineerder van die hokkie- en swemklub en in 1999 as adjunkdirekteur van die Sportburo.

m

US kry groot erflating by Dan Benadé

Die Universiteit het onlangs R1 miljoen uit die boedel van mnr Daniël Van der Merwe Benadé ontvang. Die testament het bepaal dat US die geld moet gebruik vir die bevordering van tegniese wetenskaplike navorsing op nywerheidsgebied.

Mnr Benadé (ook Merwe genoem deur sy vriende) is op 2 September 1918 in die Strand gebore. Hy het sy skoolloopbaan in die Strand Laerskool (tans Hendrik Louw) begin en aan die Hottentots-Holland Hoërskool voltooi. Die gesin het dit nie finansieël breed gehad nie en dit het die jong Dan gemotiveer om geld te verdien deur onder meer vlieërs (net die regte ding vir 'n winderige dag in die Strand), vis-aas en sinkplaatskuite te verkoop. Gedurende oestyd het hy druiwe op boere se plase geknip teen 25c per dag. Verder het hy ook gholfstokke gedra teen 10c vir agtien putjies.

In 1937 het hy as eerstejaar BSc-student aan US begin. Gedurende sy studiejare was hy 'n Wilgenhoffer en is met 'n lening van 300 pond (R600) gefinansiër. Hy het destyds ook die US verteenwoordig in atletiek en ook tennis en rugby vir sy koshuis gespeel. Hy het die grade BSc in 1939 en MSc in Chemie in 1941 verwerf. Drie jaar later het hy 'n B.Econ-graad aan Unisa verwerf. In Junie 1947 het die Massachussetts Institute of Technology (MIT) in die VSA 'n Baccalaureusgraad in Chemiese Ingenieurswese aan hom toegeken.

Mnr Benadé het die werkswêreld betree met 'n posisie by AECI-De Beers in die Strand in Julie 1941. Omtrent drie jaar later is hy na Salisbury (vandag Harare) in Zimbabwe verplaas waar hy gewerk het totdat hy met 18 maande studieverlof na MIT in die VSA vertrek het. Met sy terugkeer na Suid-Afrika is hy aangestel as superintendent van die Swawelsuur-aanleg by die AECI Modderfontein fabriek naby Johannesburg.

'n Paar jaar later is hy 'n betrekking by die SA Buro vir Standaarde (SABS) in Pretoria aangebied. Hier het hy 'n verpakkingsafdeling begin. Met die ervaring wat hy hier opdoen het, het hy in Februarie 1950 'n betrekking by API, wat later Nampak geword het, aanvaar.

Twee jaar later is hy as Besturende Direkteur en in 1964 as Voorsitter van die Direksie by O. Bakke in die Paarl aangestel. Hy het die besigheid opgebou tot 'n hoogs winsgewende firma en het baanbrekerswerk ten opsigte van verpakking van veral voedsel verrig. Die maatskappye Bakke en Malcomess was later saamgevoeg onder een maatskappy, naamlik Malbak. Mnr Benadé was die voorsitter van Malbak tot met sy aftrede in 1979. Behalwe vir die interessante lewe wat hy gehad het, was hy ook direkteur van verskeie maatskappye, onder ander Federale Volksbeleggings (FVB), die Nywerheidsontwikkelings Korporasie (NOK), Federale Chemiese Beleggings (wat verantwoordelik was vir die ontstaan van Sentrachen en Fedmis), Ou Mutual en Standard Bank. Hy was ook President van die Kaapse Kamer van Nywer-hede en ook van die Suid-Afrikaanse Gefedereerde Kamer van Nywerhede.

Mnr Dan Benadé en sy vrou Bets

In 1978 is hy tot lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch verkies, waar hy vir etlike jare as Raadslid gedien het.

Mnr Benadé is op 4 Mei 2003 oorlede en word oorleef deur sy vrou, mev Bets Benadé en drie kinders wie ook almal bande met US het of gehad het.

m

Mnr GJ (Gert) Agenbag van Upington (82). Verwerf sy BComm in 1944. Het vir Maties rugby gespeel en op verskeie komittees gedien.
Mnr RVR (Reenen) Barry van Robertson (69). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc in Landbou in 1961.
Mnr ANV (Arnulf) Bekkstedt van Kanada (79). Verwerf sy BSc Ing in 1954. In 1962 het hy en sy gesin na Kanada geëmmigreer.
Mnr JB (Johannes) Bester van Pretoria (81). Verwerf sy BSc Landbou in 1946.
Dr RD (Richard) Bibrought van Swellendam (67). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BSc Agric in 1946.
Mnr DC (Nelis) Blom van Riversdal (80). Oud-inwoner van Dagbreek. Behaal sy BComm in 1947.
Mnr BW (Ben) Bonthuys van Pretoria (54). Oud-inwoner van Pieke. Verwerf sy BSc Ing in 1975.
Mnr DA (Buck) Buchaman (67). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf BSc in Landbou in 1960.
Mnr DJ (Dirk) Coetzee van Brandhof (88). Oud-Dagbreker en SR-lid in 1938. Verwerf sy BA in 1938.
Dr JC (Timmy) de Beer van Pretoria (46), Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA in 1979, Hons BA in 1980, BTh in 1983, MTh in 1984, DTh in 1992 en sy Lis Teol In 1984.
Mnr JS (Jack) de Villiers van Centurion (88). Verwerf sy BComm in 1939 aan US.
Mnr CW (Christo) Delport van Kuilsrivier (23). Verwerf sy BRek in 2003.
Johan du Plessis (79) van Pretoria, was 'n Dagbreker en behaal die grade BSc Ing in 1948 (US) en MSc met lof in 1968 (UP). Werk vir die Departement van Waterwese en vorder tot Direkteur-Generaal in 1985. Hy was betrokke by onder meer die Oranjerivier besproeiingskema en die Lesotho Hooglandskema. Gedurende sy loopbaan dien hy op 16 verskillende nasionale en internasionale komitees en rade onder meer die SA Raad van Professionele Ingenieurs. Hy laat sy vrou, Helene, twee seuns en vier kleinkinders agter.
Mev M (Marelè) du Plessis (51). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf haar B Huishoudkunde (Ed) in 1975.
Mnr JP (Hamlet) Enslin van Brooklyn (70). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf sy BA in 1955.
Mnr D (Damon – "Basie") Erasmus van Stellenbosch (90). Oud-personeellid – 52 jaar in diens van die Afdeling Instandhouding en Bedryf.
Mnr FJ (Frans) Fick van Kuilsrivier (50). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf sy BIng in 1978.
Mev S (Stella) Gericke van Stellenbosch (88). Oud-inwoner van Monica. Verwerf haar Diploma in Spraak en Voordrag in 1936, BA in 1937 en SOD in 1938. SR-lid en kranige tennis- en hokkiespeler van die US.
Mnr CB (Christo) Groenewald van Somerset-Wes (52). Verwerf sy BIng in 1980 aan die US.
Mev K (Kathleen) Hey van Pinelands (86). Verwerf haar BSc in 1939 en MSc in 1941 aan die US.
Mnr DVDW (Hoffie) Hofmeyr van Alberton (80). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BComm in 1950.
Ds CR (Chris) Kok van Bloemfontein (92). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf sy BA (Admissie) in 1932 en MA (Sielkunde) in 1934.
Mnr IAS (Alfie) Kok van Stellenbosch (60). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA in 1966, LLB in 1967 en Hons. B (B & A) in 1969.
Mnr GTC (Gideon) Laubscher van Bellville (81). Verwerf sy BComm in 1946 aan die US
Mnr WJ (Wynand) le Roux van Stellenbosch (27). Oud-inwoner van Helshoogte. Verwerf sy BComm in 2000 en Hons BComm in 2002. Laat sy vrou Andra agter.
Mnr GFC (Ferbie) Le Roux van Durbanville (62). Oud-inwoner van Eendrag. BComm in 1963 en Hons BComm in 1965.
Mej VH (Valerie) Lewis (71). Dosent in Frans by US vanaf 1 Januarie 1965. Afgetree einde Desember 1985. Emigreer na haar aftrede na Frankryk.
Mnr PF (Francois) Lutsch van Waterkloof (57). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA in 1971 en LLB in 1973.
Mnr DG (Gerhard) Malan van Mosselbaai (44). Verwerf sy BIng. (Chem) in 1985. Oud-inwoner van Eendrag.
Dr GP (Pat) McMagh van Rondebosch (93). Oud-inwoner van Huis Ten Bosch. Verwerf haar MEd in 1946 en DEd in 1949. Was ook oud-dosent aan die US.
Mnr CF (Charl) Naudé van Port Elizabeth (72). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf sy BSc Ing in 1955 . Behaal 'n PhD aan die California Institute for Techology in 1960.
Prof WDUT (Wouter) Naude van Stilbaai (87)). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BSc in 1937 en MSc in 1938.
Dr RM (Rudolph) Nel van Riversdal (26). Oud-inwoner van Majuba en Tygerberg. Verwerf sy MB ChB in 2003.
Dr JHS (Johannes) Oosthuizen van Jeffreysbaai (85). Verwerf sy BA in 1945, MA in 1947, DPhil in 1950 en sy BEd in 1961.
Mnr FC (Calvyn) Palm (84) van Kaapstad. Verwerf 'n BSC-graad asook 'n M-graad in fisika aan die US en later ook 'n BComm-graad. Hy was meer as 40 jaar lank betrokke by Naspers waar hy in 1986 afgetree het as mede-besturende direkteur van Nasionale Koerante en word beskou as een van die grondleggers wat vir tegno-logiese vernuwing by die koerante van Naspers verantwoordelik was. Hy word oorleef deur sy vrou, Cecilia, sy dogter Adèle, sy seun André en vier kleinkinders.
Prof T (Theo) Pauw van Strand (87). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA in 1938, MA sowel as SOD in 1940 en sy MED in 1942. Word oorleef deur sy vrou Barlo.
Mev CS (Carmen) Potgieter van Citrusdal (93). Verwerf HPOD in 1931.
Dr C (Cornel) Riedemann van Durbanville (25). Verwerf haar MB ChB in 2004.
Mev Ina Noel (Rousseau) (79) van Kaapstad. Behaal die grade BA in 1946 en Hons BA in 1969, inwoner van Sonop. Dié bekroonde Afrikaanse skrywer het sewe digbundels oor 41 jaar tot die Afrikaanse letterkunde bygedra. In 1995 word sy met die Hertzog-prys bekroon vir haar laaste bundel, *'n Onbekende jaartal*.
Mnr AKA (Alfred) Sander van Potchefstroom (97). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BSc Agric in 1931.
Prof CA ("Tjaain") Smith van Stellenbosch (82). Verwerf Sertfikaat in Spraakoefening en voordrag sowel as sy BComm in 1943. Afgetrede dosent in Rekeningkunde. Was departementshoof in 1965 – 66 en later dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.
Mnr DM (Daniël) Streicher van Strand (77). Verwerf sy BEd PH in 1949.
Mnr JK (Jan) Tromp van Sandton (71). Verwerf sy BSc Ing in 1959.
Prof AJ (Attie) van Wyk van Wellington (58). Verwerf sy BA in 1968, Hons. BA 1970, MA in 1976, BTh in 1978 en Lis Teol in 1980. Was leraar op Grahamstad voordat hy in 1982 'n dosent in Sielkunde aan die Hugenote Kollege op Wellington word. Hy is in 1995 aangestel as Viserektor van die Kollege en in 2000 as rektor van die Kollege. Hy word oorleef deur sy eggenote, Corneel, en drie kinders, Adriaan, Andrew en Susan.
Brig-Genl WD (Dirk) van Zyl van Eldoraigne (49). Oud-inwoner van Eendrag (1974 – 1977) en Majuba (1977 – 1981). Hy het op die huiskomitee gedien in 1980 en was onder-primarius gedurende 1981. Verwerf sy BA in 1976 en Hons BA in 1977.
Mnr OT (Otee) Venter (81) van Potchefstroom. Behaal die graad BComm in 1941. Het die grootste deel van sy loopbaan as geoktrooieerde rekenmeester in Potchefstroom gepraktiseer. Was 'n kranige en puik rolbal- en gholfspeler. Het groot hoogtes bereik in Rotarie. Was 'n ywerige en getroue ondersteuner van Oudmatie-funksies. Was 52 jaar getroud met Margaret (Loader). Laat sy eggenote, vier kinders, 11 kleinkinders en een agterkleinkind na.
Dr CJ (Corrie) Visser van Keetmanshoop, Namibië (69). Verwerf sy BSc in Landbou in 1956 en sy MSc Agric in 1958.
Mnr AC (Arno) Vlok van Somerset-Wes (68). Oud-inwoner van Riebeeck Huis. Verwerf sy BA in 1957. SOD (nagraads) in 1959, BEd in 1960, Hons BA in 1979 en MEd in 1990.
Mnr C (Chris) Wüst (44) van Wellington. Behaal 'n BIng-graad aan die US en dien op die huiskomitee van Helshoogte.

m